TYD: **2 UUR**
PUNTE: **80**

**AFRIKAANS**
**EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**(VRAESTEL 1)**

**JUNIE 2009**

Wes-Kaap Onderwysdepartement
PROVINSIALE REGERING – WES-KAAP

# METRO-NOORD
# NASIONALE STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

## SENIOR SERTIFIKAAT

## JUNIE EKSAMEN – 2009

Hierdie vraestel bestaan uit **11** bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTINGSBLADSY**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | |
|---|---|
| AFDELING A : Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B : Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C : Taal | (40 punte) |

- Lees ALLE instruksies versigtig deur.
- Beantwoord AL die vrae.
- Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
- Trek ’n streep na elke afdeling
- Nommer elke antwoord presies soos die vrae op die vraestel genommer is.
- Laat ’n reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: LEESBEGRIP - TYDSKRIFARTIKEL**

* Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

## Moeder van ‘n nuwe generasie

1 Alles en almal het ‘n bietjie gaan stilstaan op Dinsdag, 20 Januarie 2009. Geskiedenis is voor ons oë gemaak die dag toe Barack H. Obama as nuwe Amerikaanse president ingehuldig is.

2. Ja, hy is die eerste sogenaamde “*African American*” wat die hoogste pos in hierdie magtige land beklee. Maar die opgewondenheid gaan nog meer oor wat hy sê, hoe hy sy liefde vir mense en verdraagsaamheid kombineer met sterk, uitvoerbare idees en morele leierskap. Sy boodskap is een van hoop in ‘n tyd waar politici deur die bank korrup is en waar die meeste gewone mense begin moed verloor het dat iemand hulle sal lei wat regverdig, oop en mensgerig is.

3. Obama, tot almal se verbasing, lyk na die man. Maar daar is een mens wat glad nie verbaas sou wees nie. Sy ma.

4. Ann Obama was altyd “anders”. Sy het die mens in die mens raakgesien. En sy het haar twee kinders op dieselfde buite-die-koevert-wyse grootgemaak; op dieselfde manier gevorm as wat sy haarself deur die jare gevorm het.

5. Ann het dinge in haar leeftyd gewaag wat geen ander vrou van haar geslag, en min van ons s’n, ooit gedoen het. So het sy, ’n wit Amerikaanse vrou, byvoorbeeld met ‘n swart man van Afrika getrou toe daar skeiding was tussen verskillende rassegroepe in Amerika.

6. Sy het haar doktorsgraad in antropologie, die studie van verskillende rasse, verwerf en ‘n mikro-ekonomiese stelsel vir arm lande ontwerp wat tot vandag toe nog as een van die beste skemas in sy soort ter wêreld beskou word.

7. Sy ma is – en was – absoluut die kern van wat hy is en wat hy geword het, sê die nuwe president gereeld. Sy het sy wêreldbeeld gevorm.

8. “As ek aan haar dink,” het hy op ‘n keer gesê, “dan onthou ek iemand wat heeltemal toegewyd was aan alles waarin sy geglo het. Sy was baie aards. En baie impulsief. En terselfdertyd geweldig gefokus, moreel. Soekend, haar hele lewe lank. Sy het eenvoudig nooit dinge, of die status quo, net so ‘aanvaar’ nie. Veral nie as dit onregverdig of ongetoets was nie.”

9. En so het die briljante, eiewyse Ann Obama met haar lewe, werk en waardes haar bydrae gelewer tot die ontwikkeling van ’n wêreld.

[Verwerk uit: *Rooi Rose,* April 2009]

**VRAE:**

1.1 Waarom word daar gesê dat Geskiedenis op 20 Januarie 2009 gemaak is toe Obama as nuwe president ingehuldig is? (1)

1.2 Haal EEN woord aan om te bewys dat die VSA 'n baie groot en belangrike land is. (1)

1.3 Noem DRIE persoonlikheidseienskappe wat Obama laat uitstaan bo ander. (3)

1.4 Haal 'n idioom uit paragraaf 2 aan om te bewys dat alle politici oneties optree. (1)

1.5 Wie het begin moed verloor dat die regering regverdig, oop en mensgerig kan wees? (1)

1.6 Hoe weet ons dat mense baie belangrik vir Ann was? (1)

1.7. Haal EEN woord aan om te bewys dat Ann haar kinders grootgemaak het om vir hulleself te dink. (1)

1.8 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
"Ann kan as 'n waaghals beskou word." (1)

1.9 Motiveer jou antwoord by 1.8 deur 'n aanhaling uit die leesstuk te gee. (1)

1.10 Haal 'n sinsdeel uit die leesstuk aan om te bewys dat die mikro-ekonomiese stelsel wat Ann ontwikkel het van hoogstaande gehalte is. (1)

1.11 Watter rol speel Barack se ma in sy lewe? (1)

1.12 Watter antwoord pas NIE?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

In paragraaf 8 lees ons wat Barack van sy ma dink.

Sy is volgens hom …

A iemand wat na aan die aarde leef.
B iemand wat hoë morele waardes het.
C iemand wat toegewyd was.
D iemand wat goed nagedink het voordat sy iets gedoen het. (1)

**[14]**

**EN**

**VRAAG 2 : LEESBEGRIP - ADVERTENSIE**

- Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

TROTS SUID-AFRIKAANS

# Was Obama hier, dan het hy sowaar Afrikaans gepraat!

Barack Obama het weer eens bewys dat jou drome waar kan word deur harde werk en vasbyt. Suid-Afrika is, soos Amerika, ook 'n land van geleenthede wat niemand uitsluit nie. Droom groot oor wat jy wil bereik en doen dit op die koop toe in jou moedertaal.

Sluit aan by die ATKV en ontdek watter wonderlike voordele daar op elkeen wag - en dit sluit almal in wat jonk, jeukerig en vol drome is!

Vir meer inligting, besoek die ATKV se webtuiste by www.atkv.org.za

**KOM UIT VIR AFRIKAANS**

TROTS SUID-AFRIKAANS IN AFRIKAANS ATKV.ORG.ZA

ATKV

[Uit: SBA Loopbaangids 2009]

**VRAE:**

2.1 Op watter voorkennis maak hierdie advertensie staat? (1)

2.2 Wat kan deur harde werk en vasbyt bereik word? (1)

2.3 Wat het Amerika en Suid-Afrika in gemeen? (1)

2.4 In watter taal kan jy droom? (1)

2.5 Wie word uitgenooi om aan te sluit by die ATKV? (1)

2.6 Watter organisasie steun die ATKV? (1)

2.7 Waar kan 'n mens meer uitvind oor die ATKV? (1)

**[7]**

**EN**

**VRAAG 3 – LEESBEGRIP EN VISUELE GELETTERDHEID**

- Bestudeer die volgende twee strokiesprente en beantwoord die vrae:

Strokiesprent een: **Rooi Oog**




[Uit : Die Burger 14 April 2009]

**VRAE:**

3.1 Watter sport word met hierdie bal gespeel? (1)

3.2 Wat is so eienaardig omtrent die vorm van hierdie bal? (1)

3.3 Wat probeer Rooi Oog aan die Rooihuid in raampie 2 verduidelik? (1)

3.4 Wat wil die Rooihuid in raampie 3 doen? (1)

Strokiesprent twee: **Seppie die soldaat**




[Uit Die Burger 21 April 2009]

**VRAE:**

3.5 Hoe word Seppie se woorde in raampie 1,*"Smaak na gemors"*, deur die skets of ander teks ondersteun? (1)

3.6 Waarom sou die kok as onversorgd beskou kan word? (1)

3.7 Wat het die kok om sy lyf gebind? (1)

3.8 Die kok skree: "Toe, vergelyk nou!" Wat word met mekaar vergelyk? (2)

**[9]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## Afdeling B – Opsomming

### Vraag 4

- Som die maniere op oor hoe om jou tande goed te versorg.
- Skryf die maniere in SEWE volsinne neer.
- Vermy aanhalings – skryf jou eie sinne.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Goeie tandsorg**

1. Borsel sagkens met die regte tandeborsel. Tandvleise wat hardhandig behandel word, kan later tot probleme lei. Gesonde tandvleis is belangrik, dit hou immers jou tande in posisie.
2. Flos een maal per dag om van die bakterieë tussen die tande ontslae te raak. Plaak kan baie vinnig aan die binnekant van die tande opbou, so wees versigtig daarvoor.
3. Indien ons te veel kosse en drankies inneem wat verfynde suiker bevat, kan dit nadelig vir die tande wees. Hou dus altyd matigheid voor oë.
4. Het jy geweet kraakvars, rou vrugte en groente soos appels, wortels en seldery kan help om jou tande skoon te hou ? Daar word dus aanbeveel dat jy nie te veel sitrusvrugte, asook koffie moet inneem nie. Dit verhoog die suikervlakke in die mond, wat tot tandbederf kan lei.
5. Besoek jou tandarts een maal per jaar. Dit sal verseker dat jou tande in 'n goeie toestand en ook silwerskoon gehou word.
   Om 'n goeie mondspoelmiddel te gebruik, help baie. Colgate se nuwe Plax Whitening keer nie net die vorming van plaak nie, maar help ook om die tande mooi wit te hou. Die spoelmiddel bereik plekkies wat jou tandeborsel nie kan bykom nie.

[ Aangepas uit :Lééf met hart en siel – April 2009]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 5: WOORD EN SINSTRUKTURE

- Voltooi die advies aan ma's in die linkerkantse kolom met behulp van die leidrade in die regterkantse kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord op jou ANTWOORDBLAD neer.

**MA, DIT WAT JOU DOGTER DINK AS SY IN DIE SPIEËL KYK, IS GROOTLIKS IN JOU HANDE!**

***Slaag jy as ma daarin om jou kind te leer om haar lyf lief te hê?***

| | |
|---|---|
| (5.1. Kind) dupliseer hul (5.2. ma + pa) se gedrag, dus kan jy baie by jou kind leer omtrent jou (5.3. eie / uie) liggaam. Uit die aard (5.4 van / uit / by) my kontak met (5.5. persone wat verslank) het ek geleer dat (5.6. vroue) nie 'n (5.7. behoorlik) verband trek tussen hul liggaam en dit wat hulle (5.8. inneem / invat) nie.<br><br>As jy (5.9. kosse) sien as iets wat jou liggaam moet (510. voed / voet) (5.11.) opbou sou jy nog eet wat jy eet? | 5.1 Gee die meervoudsvorm<br>5.2 Gee een woord<br>5.3 Kies die korrekte spellling<br>5.4 Kies die korrekte voorsetsel<br>5.5 Gee EEN woord<br>5.6 Gee die teenoorgestelde geslag<br>5.7 Gee die korrekte vorm van die woord<br>5.8 Kies die korrekte werkwoord.<br>5.9 Gee die verkleiningsvorm<br>5.10Kies die korrekte woord met die hulp van die woordeboek.<br>1) **voet, (e)**. **1**. Onderste deel van 'n mens se been; deel waarop getrap word:<br>2) **voed,** ww. (gevoed). **1**. Voedsel, kos gee; onderhou; van voedsel voorsien: Die Armesorgvereniging voed honderde behoeftiges. Voëls wat hul kleintjies voed.<br>5.11Gee die ontbrekende voegwoord. |

| | |
|---|---|
| Dis ‘n moeilike dissipline om baas te (5.12. …) as jy kos as beloning, troos of sosiale interaksie gebruik. Ek leer my (5.13. 16-jarige) dat kos die boustene vir jou liggaam is. Kos is (5.14. voordelig) as lekkernye. | 5.12 Voltooi die uitdrukking.<br><br>5.13 Skryf die getal ,*16*, in woorde.<br>5.14 Gee die vergrotende trap |
| Om te eet tot jy (5.15. vol) is, is verkeerd. Matigheid is die wagwoord. Eet tot (5.16 nadeel) van jou gesondheid. ‘n (5.17. kilogram) druiwe sal (5.18. bv.) hopeloos te veel suiker in jou gestel beteken.<br>Die (5.19. korrek) eetgewoontes op vasgestelde (5.20. eet + tye) is die antwoord tot goeie gesondheid. | 5.15 Gee die intensiewe vorm .<br><br>5.16 Gee die antoniem.<br>5.17 Gee ‘n afkorting vir die woord.<br>5.18 Skryf die afkorting voluit / in woorde.<br>5.19 Gee die korrekte vorm van die woord.<br>5.20 Vorm ‘n samestelling.<br><br>[Verwerk uit: Lééf: April 2009] |

[20]


Voltooi die sinne in die linkerkantse kolom met behulp van die instruksies in die regterkantse kolom. Skryf slegs die vraagnommer op jou ANTWOORDBLAD neer.

| | |
|---|---|
| SY'S DIE PLAASKIND WAT AL VAN SKOOLDAE AF **DROOM OM SANGERES TE WORD …** | LIANIE MAY<br> |
| (5.21. "Ek het hierdie keer die unieke country-klank in haar stem gehoor") sê Johan.<br>(5.22 Dit kan jy vir iemand leer.) Toe (5.23 Sy het die eerste keer gesing. Sy het niks teruggehou nie.) Lianie is (5.24 soos haar stem / so eg en uniek). Toe sy (5.25 vir my gesing het / die eerste keer / het sy niks teruggehou nie.)<br>Sy sê (5.26 Sy hanteer bewonderaars met respek.)<br>Vir Lianie was daar (5.27 'n prys betaal) in ruil vir 'n sangloopbaan. (5.28 Sy het 'n dagboekie vol nommers van platemaatskappye) wat sy al gekontak het.<br><br>Haar ouers ondersteun haar en sal altyd 'n plan beraam om (5.29 dinge regmaak) (5.30 Haar ma sê Lianie wil reeds van kleins af sing).<br>(5.31 Sy het die tweede ronde in die <u>Idols</u> kompetisie gehaal.)<br>Haar ma sê (5.32 sy is bekommerd dat roem haar kind se persoonlikheid sal verander. | 5.21 Skryf in die indirekte rede (2)<br><br>5.22 Skryf in die ontkennende vorm. (2)<br>5.23 Verbind die twee sinne en gebruik die korrekte punktuasie. (2)<br>5.24 Gee die korrekte woordorde. (1)<br>5.25 Gee die korrekte woordorde. (1)<br><br>5.26 Skryf in die lydende vorm. (1)<br><br>5.27 Skryf in die infinitief. (1)<br>5.28 Skryf die sin in die toekomende tyd. (1)<br><br>5.29 Skryf in die infinitief. (1)<br>5.30 Skryf in die verlede tyd. (1)<br><br>5.31 Skryf die stelsin oor as 'n vraag van die antwoord wat onderstreep is. (1)<br>5.32 Skryf in die ontkennende vorm. (2)<br><br>Verwerk uit Sarie 16 Maart 2008 |

[16]

**VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID - SPOTPRENT**

Lees die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.




Jy weet vroue kan maar nou een maal nie 'n partytjie bywoon sonder om die winkels in te marsjeer nie. Hulle glo mos die vere maak die voël ….

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Wat beteken die uitdrukking "die vere maak die voël"? | [1] |
| 6.2 | Waarvoor sal ons die uitdrukking "te marsjeer" eintlik gebruik? | [1] |
| 6.3 | Watter stereotipering vind ons in die dialoog van die spotprent? | [1] |
| 6.4 | Beskryf Nols se siening van vroue se inkopietogte in EEN WOORD. | [1] |
| | | /4/ |

**TOTAAL AFDELING C : 40**

**GROOTTOTAAL : 80**